



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument vervat is, gebaseer is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?
 - USSR/VSA – Skep van belangesfere: Fokus op Kuba
VRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?
 - Gevallestudie: Tanzanië
VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings in die VSA
VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
 - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika
2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE UNIE VAN SOSIALISTIESE SOWJETREPUBLIEKE (USSR) BETROKKE GERAAK BY DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS?

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C om die vrae wat volg te beantwoord.

- 1.1 Verwys na Bron 1A.
- 1.1.1 Waarom, dink jy, is die:
- (a) VSA-missiele naby die grense van die USSR ontplooi? (1 x 2) (2)
- (b) USSR-missiele in Kuba ontplooi? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Verduidelik of die USSR geregverdig was om missiele in Kuba te ontplooi. (2 x 2) (4)
- 1.2 Bestudeer Bron 1B.
- 1.2.1 Waarom het die redakteur van *The New York Times* besluit om hierdie spesifieke artikel te publiseer? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Hoe beeld die hoofskrif van *The New York Times* vir Kennedy uit? (1 x 3) (3)
- 1.2.3 Lewer kommentaar op hoe Kennedy die krisis in Kuba hanteer het. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 Verduidelik waarom jy dink Kuba 'n 'blote pion' in die Koue Oorlog-konflik tussen die supermoondhede geword het. (2 x 2) (4)
- 1.2.5 Tot watter mate dink jy is hierdie koerantartikel partydig? (2 x 2) (4)
- 1.3 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.3.1 Watter boodskap dra die spotprent oor? (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Lewer kommentaar daarop of die spotprenttekenaar 'n akkurate weergawe van gebeure gee. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Beide Khrushchev en Kennedy het hulle vingers gereed om 'n knoppie te druk. Wat, dink jy, sou gebeur het as hierdie knoppies gedruk is? (1 x 2) (2)
- 1.4 Gebruik die inligting uit Bron 1B, 1C en jou eie kennis en verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die Koue Oorlogspanning in Kuba. (2 x 2) (4)
- 1.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die effek van die Kubaanse Missielkrisis op VSA-USSR-verhoudings te bespreek. (8)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.

1.6.1 Bespreek die rol wat beide die VSA en die USSR in die Kubaanse Missielkrisis gespeel het. (30)

OF

1.6.2 'Dit was Amerikaanse aggressie in Europa wat tot 'n kernkrisis in Kuba gelei het.'

Stem jy saam met die stelling? Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel om jou argument te ondersteun.

(30)
[75]

VRAAG 2: HOE HET JULIUS NYERERE SE BELEID VAN AFRIKA-SOSIALISME TANZANIË NA ONAFHANKLIKHEIDSWORDING VERANDER?

Gebruik Bron 2A en 2B om die vrae wat volg te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Wat was Nyerere se beskouing van sosialisme? (Geskrewe bron) (1 x 1) (1)
- 2.1.2 Waarom het Nyerere baie aandag op die ontwikkeling van sy mense gefokus? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Verduidelik waarom daar opposisie teen Nyerere se beleid van sosialisme was. (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Op watter maniere dra die visuele bron die boodskap van Afrika-sosialisme in Tanzanië oor? (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Hoe verskil die visuele bron van die geskrewe bron met betrekking tot gemeenskaplike boerdery? (2 x 2) (4)
- 2.1.6 Lewer kommentaar daarop of Tanzanië se beleid van selfstandigheid suksesvol was. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Omskryf die begrip *eenpartystelsel* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Verduidelik of Nyerere suksesvol was met die implementering van 'n eenpartystelsel in Tanzanië. (Stelling 1) (2 x 2) (4)
- 2.2.3 Hoe het Nyerere seker gemaak dat parlementariërs met gewone Tanzaniërs in voeling gebly het? (Stelling 2) (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Verduidelik wat die woorde 'moes hulle dit nie gehaat het nie' vir jou vertel oor die houding van Tanzaniese parlementariërs. (Stelling 2) (2 x 2) (4)
- 2.2.5 Gebruik die inligting in Stelling 1 en 2, sowel as jou eie kennis, en verduidelik watter EEN van die stellings jy dink die bruikbaarste sou wees met betrekking tot Nyerere se regering van Tanzanië. (2 x 2) (4)

2.3 Verduidelik die beperkings van Bron 2A en 2B vir 'n geskiedkundige wat Nyerere se regering van Tanzanië bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4 Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak van Nyerere se beleid van Afrika-sosialisme op Tanzanië verduidelik. (8)

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF VRAAG 2.5.2.

2.5.1 Bespreek hoe Julius Nyerere se beleid van Afrika-sosialisme Tanzanië na onafhanklikheidswording verander het. (30)

OF

2.5.2 Die volgende stelling oor Tanzanië is deur Y Kassam gemaak:

'Gemeenskappe word beter plekke deur die ontwikkeling van mense, eerder as om produksie te verhoog.'

Gebruik inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en ontleed die geldigheid van hierdie stelling.

(30)
[75]

VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE BURGERREGTEBEWEGING GESPEEL OM VERANDERING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEDURENDE DIE 1960's TEWEEG TE BRING?

Gebruik Bron 3A, 3B en 3C om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Omskryf die begrip *diskriminasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.2 Watter faktore, dink jy, het Martin Luther King Jr. gemotiveer om teen rassediskriminasie te veg? (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Verduidelik waarom die Amerikaanse Federale Hooggeregshof besluit het om rassese segregasie op openbare vervoer onwettig te verklaar. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

- 3.2.1 Wat vertel die woorde 'Ons het langer as 340 jaar vir ons konstitusionele en Godgegewe regte gewag' jou oor hoe Afro-Amerikaners behandel is? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Wat bedoel Martin Luther King Jr. wanneer hy Asië en Afrika met Amerika vergelyk? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 3.2.3 Waarom, dink jy, is hierdie foto geneem? (Visuele bron) (1 x 3) (3)
- 3.2.4 Verduidelik hoe Afro-Amerikaners sou reageer nadat hulle hierdie foto gesien het. (2 x 2) (4)

- 3.3 Vergelyk die geskrewe bron met die visuele bron in Bron 3B. Verduidelik op watter manier hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot polisie-optrede teen Afro-Amerikaanse betogers. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3C.

- 3.4.1 Waarom het Martin Luther King Jr. die 'Ek het 'n droom'-toespraak gelewer? (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis. Watter impak het King se toespraak op die VSA-kongres gehad? (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)
- 3.4.3 King se 'Ek het 'n droom'-toespraak word as een van die beroemdste toesprake in die 1960's beskou. Verduidelik tot watter mate jy met hierdie stelling saamstem. (Uittreksel 1) (2 x 2) (4)
- 3.4.4 Wat het die meer militante Afro-Amerikaners aangespoor om 'n nuwe beweging te stig? (Uittreksel 2) (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Vergelyk Uittreksel 1 en 2. Hoe verskil hierdie perspektiewe oor die Burgerregtebeweging? (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of dit vir Afro-Amerikaners geregverdig was om veranderinge te eis. (8)

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.6.1 OF VRAAG 3.6.2.

3.6.1 Bespreek die invloed van die Burgerregtebeweging om in die 1960's verandering in die Verenigde State van Amerika teweeg te bring. (30)

OF

3.6.2 Martin Luther King Jr. was alleen verantwoordelik om die saak van Afro-Amerikaners te bepleit.

Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek die stelling krities deur die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
[75]

VRAAG 4: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976 BEÏNVLOED?

Gebruik Bron 4A, 4B en 4C om die vrae wat volg te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

- 4.1.1 Wat, volgens die bron, het die Soweto-opstande in 1976 veroorsaak? (1 x 1) (1)
- 4.1.2 Waarom het die Departement van Bantoe-onderwys swart leerlinge gedwing om in Engels en Afrikaans onderrig te word? (1 x 2) (2)
- 4.1.3 Verduidelik hoe leerlinge gereageer het op die aankondiging deur die Departement van Bantoe-onderwys oor sy taalbeleid. (2 x 2) (4)
- 4.1.4 Lewer kommentaar daarop of die notule van die Tswana-skoolraad as betroubaar beskou kan word. (2 x 2) (4)
- 4.1.5 Haal bewyse uit die bron aan wat voorstel dat die leerlinge van Soweto deur die filosofie van Swart Bewussyn beïnvloed is. (1 x 2) (2)

4.2 Lees Bron 4B.

- 4.2.1 Volgens Biko, wie was die:
- (a) Onderdrukker? (1 x 1) (1)
- (b) Onderdrukte? (1 x 1) (1)
- 4.2.2 Verduidelik die boodskap van Biko se woorde: 'Die kragtigste wapen in die hande van die onderdrukker is die denke van die onderdrukte.' (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Hoe, dink jy, sou 'n Nasionale Party-politikus op Biko se woorde gereageer het? (1 x 2) (2)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

- 4.3.1 Wat vertel die woorde 'die hele apartheidstelsel te verwerp' in Uittreksel 1 jou oor die houding van die leerlinge van Soweto? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Verduidelik die enkele belangrikste faktor wat jy dink die leerlinge van Soweto aangespoor het om op hierdie manier te reageer. (1 x 3) (3)
- 4.3.3 Vir wie het Jimmy Kruger blameer vir die Soweto-opstande? (Uittreksel 2) (1 x 1) (1)

- 4.3.4 Verduidelik of Jimmy Kruger 'n akkurate weergawe oor polisie-betrokkenheid in die Soweto-opstande gegee het. (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Lewer kommentaar op hoe Jimmy Kruger en die polisiekolonel mekaar met betrekking tot polisiebetrokkenheid in die Soweto-opstande weerspreek het. (2 x 2) (4)
- 4.3.6 Vergelyk Uittreksel 1 en 2. Verduidelik watter EEN van die twee uittreksels jy sal kies wanneer die Soweto-opstande bestudeer word. (2 x 2) (4)
- 4.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) oor die verskillende redes vir die Soweto-opstande. (8)
- 4.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.
- 4.5.1 Bespreek hoe die idees van Swart Bewussyn die Soweto-opstande van 1976 beïnvloed het. (30)
- OF**
- 4.5.2 Volgens Jimmy Kruger is die Soweto-opstande van 1976 deur 'boewe op straat' aangehits.
- Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou antwoord deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
- [75]**
- TOTAAL: 150**